BOSHOFF
VISSER Konsult

Beleggings, Versekering, Finansiële Beplanning, Boederbereddering, Mediese fondse, Werknemersvoordele
Investments, Insurance, Financial Planning, Estate Administration, Medical Aid, Employee Benefits

"U welvaart is ons prioriteit. Your prosperity is our priority"

PO Box / Posbus 30
Veldkornetstraat 29 Veldkornet Street
Swellendam 6740

Tel: (028) 514 1102
Fax / Faks: (028) 514 2331
www.boshoffvisser.co.za

4 April 2017

Die Meester van die Hoë Hof
Privaatsak X9018
Kaapstad
8000

**Melchior Trust (IT 2598/2011)**

Aangeheg vind die **notulebesluit** vir:

1. Die wysiging van die huidige trustakte in geheel en vervanging met 'n nuwe trustakte vir die **Melchior Trust (IT 2598/2011)**.

Ons ontvang graag 'n bewys dat die wysiging op rekord geplaas is.

Pos asb. bogenoemde na:

Boshoff Visser Konsult
Posbus 30
Swellendam
6740

Aandag: C van Wyk

Die uwe

Boshoff Visser

**MELCHIOR TRUST (IT 2598/2011)**

**VERGADERING VAN TRUSTEES GEHOU TE** SWELLENDAM **OP HIERDIE** 4de **DAG VAN** APRIL **20**17.

**Besluit**

Aangesien die Oprigter, **Petrus Melchior Frick (ID 701209 5073 08 4)** in lewe is ten tye van die neem van hierdie besluit, besluit die Oprigter, Trustees en al die Begunstigdes wat tot op datum van hierdie besluit uit die trust bevoordeel is, ingevolge paragraaf 22 van die trustakte, om die trustakte in geheel te wysig en te vervang met die trustakte soos hieronder aangeheg. Die gemelde trust is geregistreer by die Meesterskantoor te Kaapstad.

Geen verdere besluite is geneem en die vergadering verdaag.

**Petrus Melchior Frick**
**(ID 701209 5073 08 4)**
(Oprigter, Trustee en Meerderjarige Begunstigde)

**Sonja Ronel Frick**
**(ID 710728 0158 08 6)**
(Trustee en Meerderjarige Begunstigde)

**Hendrik Stephanus Botes**
**(ID 740107 5024 08 6)**
**As verteenwoordiger van Boshoff Visser Trustdienste (Edms.) Bpk.**
(Onafhanklike Trustee)

**Minette Frick**
**(ID 980828 0161 08 1)**
(Meerderjarige Begunstigde)

**Petrus Melchior Frick**
**Namens Petrus Melchior Frick**
**(ID 000419 5184 08 2)**
(Minderjarige Begunstigde)

# TRUSTAKTE

**MELCHIOR TRUST**

**(IT 2598/2011)**

MEMORANDUM VAN 'N OOREENKOMS MET BETREKKING TOT 'N SKENKING IN TRUST, GEMAAK EN AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

**PETRUS MELCHIOR FRICK**
**(ID 701209 5073 08 4)**

- Hierna die OPRIGTER genoem –

**PETRUS MELCHIOR FRICK**
**(ID 701209 5073 08 4)**

en

**SONJA RONEL FRICK**
**(ID 710728 0158 08 6)**

en

**BOSHOFF VISSER TRUSTDIENSTE (EDMS.) BPK.**
**(Reg nr. 2001/015936/07)**
**verteenwoordig deur**
**HENDRIK STEPHANUS BOTES**
**(ID 740107 5024 08 6)**

- Hierna die TRUSTEES genoem -

TEN BEHOEWE VAN:

Die begunstigdes soos in paragraaf 1.2 omskryf.

**AANGESIEN** die Oprigter begerig is om 'n trust by wyse van 'n skenking aan die trustees te skep met die doel om 'n trustfonds daar te stel om die inkomstebegunstigdes, kapitaalbegunstigdes en kapitaalwinsbegunstigdes (hierna gesamentlik die begunstigdes genoem), te bevoordeel, kragtens die bepalings en onderhewig aan die voorwaardes wat deur die Oprigter vasgestel is en in die trustakte vervat word;

**EN AANGESIEN** die trustees hulleself bereid verklaar het om as trustees op te tree en om die skenking te aanvaar en dit ten behoewe van die begunstigdes te hou en aan te wend, onderhewig aan die voorwaardes wat deur die Oprigter bepaal is en in die trustakte genotuleer word;

**NOU DERHALWE** getuig die akte dat die Oprigter en die trustees soos volg ooreengekom het:

**INDEKS**


1. WOORDOMSKRYWINGS
2. SKEPPING EN NAAM VAN TRUST
3. SKENKING
4. REGTE OP TRUSTGOED
5. BEPALINGS MET BETREKKING TOT GETAL TRUSTEES, BEËINDIGING VAN AMP EN OPVOLGENDE TRUSTEES
6. SEKERHEIDSTELLING DEUR TRUSTEES
7. AFWESIGHEID VAN 'N TRUSTEE
8. BESLUITE VAN TRUSTEES
9. ONDERTEKENING VAN DOKUMENTE
10. TRUSTEES SE BELANG BY TRUSTHANDELINGE
11. MAGTE VAN TRUSTEES
12. LANDBANKVERBANDE
13. AANWENDING VAN KAPITAAL
14. AANWENDING VAN INKOMSTE
15. VESTIGING
16. UITBETALING, OORDRAG EN BELEGGING VAN VOORDELE
17. SKEPPING VAN VERDERE TRUSTS
18. PLIGTE VAN TRUSTEES
19. BEËINDIGING VAN TRUST EN VERDELING VAN TRUSTFONDS
20. PROFESSIONELE DIENSTE
21. PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN TRUSTEES
22. WYSIGING VAN TRUSTAKTE
23. VERGOEDING AAN TRUSTEES
24. BEPALINGS TEN AANSIEN VAN BEGUNSTIGDES
25. HUWELIK EN MINDERJARIGES
26. BELASTING
27. VERGADERINGS VAN TRUSTEES EN BESLUITE
28. REPUDIËRING
29. AANVAARDING VAN SKENKING

1. WOORDOMSKRYWINGS

1.1 In hierdie trustakte, tensy dit uit die samehang anders blyk:

1.1.1 sluit woorde wat die enkelvoud aandui, ook die meervoud in en omgekeerd; woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in en omgekeerd;

1.1.2 sluit 'n verwysing na persone ook regspersone en trusts in;

1.1.3 sluit 'n verwysing na maatskappye ook beslote korporasies en ander regspersone in en sluit 'n verwysing na aandele ook ledebelange in, indien van toepassing;

1.1.4 sluit kinders ook wettiglik aangenome kinders in en sluit afstammelinge ook wettiglik aangenome afstammelinge en hulle afstammelinge in;

1.1.5 verwys kinders en afstammelinge na persone reeds gebore of wettiglik aangeneem of nog gebore of wettiglik aangeneem te word voor die vestigingsdatum;

1.1.6 sluit 'n verwysing na 'n gade 'n persoon in met wie 'n betrokkene wettig getroud is, asook 'n voormalige gade waar die huwelik deur dood beëindig is, maar nie waar die huwelik deur egskeiding beëindig is nie.

1.2 Die volgende uitdrukkings het die volgende betekenisse en samestellings daarvan met ooreenstemmende betekenisse hê:

TRUST

verwys na die trust wat ingevolge hierdie akte tot stand kom.

TRUSTEES

verwys na die ampsbekleërs van die trustee-amp en sluit in die eerste trustees en enige verdere of latere trustees van die trust van tyd tot tyd.

TRUSTEESKAP

verwys na die amp wat die trustees van die trust beklee.

BEGUNSTIGDE of BEGUNSTIGDES

Die begunstigdes wat, ingevolge die diskresionêre magte waarmee die trustees beklee is, uit inkomste van die trust bevoordeel kan word, en welke begunstigdes gekies kan word uit die geledere van:

(a) **Inkomstebegunstigdes**

Die begunstigdes wat, ingevolge die diskresionêre magte waarmee die trustees beklee is, uit inkomste van die trust bevoordeel kan word, en welke begunstigdes gekies kan word uit die geledere van:

(i) die Oprigter **PETRUS MELCHIOR FRICK (ID 701209 5073 08 4)**;

(ii) die Oprigter se gade **SONJA RONEL FRICK (ID 710728 0158 08 6)**;

(iii) die Oprigter se dogter **MINETTE FRICK (ID 980828 0161 08 1)** en haar wettige afstammelinge;

(iv) die Oprigter se seun **PETRUS MELCHIOR FRICK (ID 000419 5184 08 2)** ~~en sy~~

wettige afstammelinge;

(v) enige trust geskep ten behoewe van enige begunstigde of groep van begunstigdes vermeld in (i) tot (iv) hierbo kragtens die bevoegdhede aan die trustees verleen in paragraaf 17;

(vi) die intestate erfgename van die Oprigter **PETRUS MELCHIOR FRICK (ID 701209 5073 08 4)** slegs indien geeneen van die begunstigdes genoem in (i) tot (iv) hierbo op die vestigingsdatum van die trust in lewe is nie;

(vii) Enige Openbare Weldaadsorganisasie soos omskryf in die Inkomstebelastingwet, Nr. 58 van 1962, soos gewysig indien geeneen van die begunstigdes genoem in (i) tot (iv) en (vi) hierbo op die vestigingsdatum van die trust in lewe is nie.

(b) **Kapitaalbegunstigdes**

Die begunstigdes aan wie die trustfonds gedurende die bestaan of by beëindiging daarvan, kragtens die bepalings van die trustakte oorgemaak sal word, en welke begunstigdes ingevolge die bepalings van die trustakte aangewys sal word uit die geledere van:

(i) die Oprigter **PETRUS MELCHIOR FRICK (ID 701209 5073 08 4)**;

(ii) die Oprigter se gade **SONJA RONEL FRICK (ID 710728 0158 08 6)**;

(iii) die Oprigter se dogter **MINETTE FRICK (ID 980828 0161 08 1)** en haar wettige afstammelinge;

(iv) die Oprigter se seun **PETRUS MELCHIOR FRICK (ID 000419 5184 08 2)** en sy wettige afstammelinge;

(v) enige trust geskep ten behoewe van enige begunstigde of groep van begunstigdes vermeld in (i) tot (iv) hierbo kragtens die bevoegdhede aan die trustees verleen in paragraaf 17;

(vi) die intestate erfgename van die Oprigter **PETRUS MELCHIOR FRICK (ID 701209 5073 08 4)** slegs indien geeneen van die begunstigdes genoem in (i) tot (iv) hierbo op die vestigingsdatum van die trust in lewe is nie;

(vii) Enige Openbare Weldaadsorganisasie soos omskryf in die Inkomstebelastingwet, Nr. 58 van 1962, soos gewysig indien geeneen van die begunstigdes genoem in (i) tot (iv) en (vi) hierbo op die vestigingsdatum van die trust in lewe is nie.

(c) **Kapitaalwinsbegunstigdes**

Die begunstigdes aan wie die kapitale winste, waarvan die belastinghantering deur die Agtste Bylae van die Inkomstebelastingwet voorgeskryf word, gedurende die bestaan of by beëindiging daarvan, kragtens die bepalings van die trustakte oorgemaak sal word, en welke begunstigdes ingevolge die bepalings van die trustakte aangewys sal word uit die geledere van:

(i) die Oprigter **PETRUS MELCHIOR FRICK (ID 701209 5073 08 4)**;

(ii) die Oprigter se gade **SONJA RONEL FRICK (ID 710728 0158 08 6)**;

(iii) die Oprigter se dogter **MINETTE FRICK (ID 980828 0161 08 1)** en haar wettige afstammelinge;

(iv) die Oprigter se seun **PETRUS MELCHIOR FRICK (ID 000419 5184 08 2)** en sy wettige afstammelinge;

(v) enige trust geskep ten behoewe van enige begunstigde of groep van begunstigdes vermeld in (i) tot (iv) hierbo kragtens die bevoegdhede aan die trustees verleen in paragraaf 17;

(vi) die intestate erfgename van die Oprigter **PETRUS MELCHIOR FRICK (ID 701209 5073 08 4)** slegs indien geeneen van die begunstigdes genoem in (i) tot (iv) hierbo op die vestigingsdatum van die trust in lewe is nie;

(vii) Enige Openbare Weldaadsorganisasie soos omskryf in die Inkomstebelastingwet, Nr. 58 van 1962, soos gewysig indien geeneen van die begunstigdes genoem in (i) tot (iv) en (vi) hierbo op die vestigingsdatum van die trust in lewe is nie.

TRUSTGOED beteken

(a) die skenking waarna in paragraaf 3 hieronder verwys word; en

(b) enige ander bates en/of vorderingsreg wat die trustees, in hul hoedanigheid as sulks, mag verkry deur middel van skenking, erflating of op welke wyse ookal en uit watter bron ookal.

TRUSTFONDS OF TRUSTKAPITAAL

verwys na die kapitaal van die trust bestaande uit die trustgoed en daardie deel van die inkomste wat, in diskresie van die trustees, toegevoeg word tot die kapitaal, na aftrekking van soveel van:

(a) verpligtinge van die trust ongeag of dit reeds aangegaan of onseker of voorwaardelik is; en

(b) voorsienings vir hernuwing of vervanging van bates en vir verpligtinge (werklik of voorwaardelik) soos voormeld waarvan die bedrae nie presies vasgestel kan word nie; as wat die trustees in hul diskresie nodig ag.

INKOMSTE

word wyd uitgelê en sluit alle ontvangstes in wat nie van 'n kapitale aard is nie.

TRUSTAKTE

verwys na hierdie dokument in sy geheel.

VESTIGINGSDATUM

beteken die datum waarop die trustfonds of enige gedeelte daarvan in die begunstigdes vir wie dit afgesonder is, vestig, naamlik enige van die volgende datums:

(a) Die datum waarop die trustees tussentydse vestigings van kapitaal ingevolge die bevoegdhede waarmee hulle beklee is, aan begunstigdes maak;

(b) Die datum wat die trustees in hulle absolute diskresie te enige tyd mag vasstel as die vestigingsdatum ten opsigte van 'n gedeelte of die geheel van die trustfonds.

2. <u>SKEPPING EN NAAM VAN TRUST</u>

By wyse van die hiernavermelde skenking aan die trustees ten behoewe van die begunstigdes word 'n trust hierkragtens geskep, welke trust bekend sal staan as die **MELCHIOR TRUST.**

3. <u>SKENKING</u>

Die oprigter skenk hiermee aan die trustees 'n bedrag van R100,00 (EEN HONDERD RAND) welke skenking gemaak en deur die trustees aanvaar word vir doeleindes van die trust en welke skenking die aanvanklike trustfonds van die trust sal verteenwoordig. Enige latere toevoegings tot die trustfonds, ongeag die bron waaruit sodanige toevoegings afkomstig mag wees, sal, as dit deur die trustees aanvaar word, deel van die trustfonds vorm en sal onderhewig aan die bepalings van die trustakte deur die trustees gehou en geadministreer word.

4. <u>REGTE OP TRUSTGOED</u>

Tydens die geldigheidsduur van die trust is die trustees verplig om alle bates van die trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die trustfonds in besit te neem en in bewaring te hou.

5. <u>BEPALINGS MET BETREKKING TOT GETAL TRUSTEES, BEËINDIGING VAN AMP EN OPVOLGENDE TRUSTEES</u>

5.1 Die eerste trustees van die trust is soos op bladsy 1 uiteengesit.

5.2 Daar moet te alle tye minstens 3 (DRIE) trustees in amp wees, met dien verstande dat in geval daar net twee trustees oorbly as gevolg van die ampsbeëindiging van 'n mede-trustee, die oorblywende trustees gemagtig is om alle magte van trustees uit te oefen vir die behoud en administrasie van die trustfonds tot tyd en wyl 'n verdere trustee aangestel is. Indien daar net twee trustees in amp is, is sodanige trustees verplig om 'n verdere trustee binne 30 (DERTIG) dae na die uittrede of afsterwe van die ander trustee aan te stel, by ontstentenis waarvan die dienende rekenmeester/ouditeur van die trust na eie keuse self as derde trustee sal optree of 'n derde trustee van sy keuse kan aanstel. Solank daar net twee trustees in amp is, mag sodanige trustees, terwyl hulle alleen ageer, geen geldige besluit neem rakende die verdeling van inkomste of kapitaal of wysiging van die trustakte nie.

5.3 Die dienende trustees is geregtig om bykomstige trustees van hulle keuse te benoem en aan te stel. Die Oprigter **PETRUS MELCHIOR FRICK (ID 701209 5073 08 4)** sal die voorreg en bevoegdheid hê om kragtens sy testament of gedurende sy leeftyd skriftelik ‘n nuwe trustee of trustees in sy plek te nomineer. Die genomineerde trustee of trustees moet steeds eenparig deur al die dan dienende trustees aanvaar word;

5.4 Die begunstigdes in lewe van tyd tot tyd (bygestaan deur hulle voogde waar van toepassing), is geregtig om plaasvervangende trustees aan te stel in die plek van trustees wat te sterwe kom of hulle amp ontruim, indien die aanstellingsbevoegdhede kragtens sub-paragrawe 5.2 en 5.3 nie uitgeoefen kan word nie.

5.5 'n Opvolgende trustee het, sodra hy sy benoeming as trustee skriftelik aanvaar het, alle magte en is onderhewig aan alle pligte van 'n trustee van die trust, ewe asof hy een van die eerste trustees van die trust was.

5.6 'n Trustee hou op om as 'n trustee van die trust op te tree:

5.6.1 as hy as trustee bedank, wat hy geregtig is om te doen deur skriftelike kennisgewing aan sy mede-trustee(s) te dien effekte;

5.6.2 as hy as geestelik versteurd gesertifiseer word;

5.6.3 as sy boedel gesekwestreer word, hetsy voorlopig of finaal, of as hy sy boedel ten behoewe van sy skuldeisers oorgee of as hy 'n kompromis met sy skuldeisers aangaan;

5.6.4 as hy ingevolge die bepalings van die Maatskappywet soos van tyd tot tyd in die Republiek van Suid-Afrika van krag, nie kwalifiseer om as 'n direkteur van 'n maatskappy diens te doen nie;

5.6.5 as hy om enige rede ingevolge Artikel 20 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed, Nr. 57 van 1988, onbevoeg en/of onbekwaam is om as trustee op te tree;

5.6.6 indien daar meer as 2 (TWEE) trustees is en die meerderheid van trustees hom/haar versoek om te bedank.

6. SEKERHEIDSTELLING DEUR TRUSTEES

'n Trustee wat as sodanig diens doen, hetsy 'n eerste trustee, 'n bykomstige trustee of 'n opvolgende trustee, word daarvan vrygestel om sekuriteit aan die Meester van die Hoë Hof of aan enige ander persoon of instansie kragtens die Wet op die Beheer oor Trustgoed Nr 57 van 1988, of onder enige ander statutêre bepaling, vir die behoorlike nakoming van sy pligte as trustee, te verskaf.

7. AFWESIGHEID VAN 'N TRUSTEE

Elke trustee is bevoeg om enige persoon te benoem om as sy alternatief op te tree gedurende sy afwesigheid of sy onvermoë om as trustee op te tree, mits die persoon wat so benoem word, goedgekeur word deur die oorblywende trustee(s).

As alle dienende trustees aldus afwesig of onbevoeg is, is hulle geregtig om deur 'n gesamentlike volmag 'n ander persoon of persone te magtig om tydelik namens hulle as trustees op te tree.

'n Alternatiewe trustee moet, terwyl hy optree in die plek van die trustee wat hom benoem het, die pligte en funksies van die trustee wat hy verteenwoordig, uitoefen en nakom en word vir hierdie doel beklee met die regte, magte en bevoegdhede van die trustee wat hy verteenwoordig.

8. BESLUITE VAN TRUSTEES

8.1 Waar daar in die akte na die diskresie van trustees verwys word, beteken sodanige diskresie 'n uitsluitlike en absolute diskresie wat in die trustee vestig.

8.2 Besluite wat die trustees neem, geskied:

8.2.1 as daar meer as twee trustees is, by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme;

8.3 Ten spyte van bogenoemde moet 'n eenparige besluit verkry word vir die toekenning van inkomste en/of kapitaal aan 'n begunstigde asook die wysiging van die trustakte.

8.4 Indien 'n eenparige besluit nie in verband met 'n saak verkry kan word nie, moet die aangeleentheid verwys word na 'n prokureur met minstens 10 (tien) jaar ondervinding as arbiter, op wie die trustees besluit het, en, by ontstentenis van eensgesindheid in dié verband, na 'n prokureur wat aangewys sal word deur die Kaapse Wetsgenootskap binne die jurisdiksiegebied van die kantoor van die Meester van die Hoë Hof waar hierdie trust geregistreer is. Die arbiter aan wie die dispuut voorgelê word, bepaal self die prosedure wat gevolg sal word en sy beslissing is finaal en bindend op die trustees.

9. ONDERTEKENING VAN DOKUMENTE

9.1 Die trustees bepaal welke trustee(s) tekenmagte het ten aansien van kontrakte, aktes en ander dokumente met betrekking tot trustsake;

9.2 Tekenmagte van die trustees met betrekking tot die trust se bankrekening word deur die trustees gereël;

9.3 'n Behoorlik genotuleerde besluit van die trustees is 'n voorvereiste vir enige handeling ingevolge 9.1 en 9.2. 'n Genotuleerde besluit wat elektronies deur al die trustees onderteken word sal dieselfde regskrag geniet as 'n oorspronklike genotuleerde besluit.

10. TRUSTEES SE BELANG BY TRUSTHANDELINGE

Die volgende bepalings geld ten aansien van 'n trustee wat 'n persoonlike belang het by 'n besondere trustaangeleentheid, naamlik:

10.1 hy moet sy persoonlike belang by sodanige aangeleentheid aan sy mede-trustees openbaar;

10.2 sy mede-trustees bepaal of die trustee wat sy belang openbaar het aan besprekings of stemming in dié verband kan deelneem of nie;

10.3 indien hy wel toestemming by sy mede-trustees tot deelname en/of stemming kry, is sy persoonlike belang nie verder ter sake nie.

11. MAGTE VAN TRUSTEES

11.1 Die magte wat vir die trustees in hierdie trustdokument omskryf word, is magte waarmee die trustees ampshalwe beklee word ten einde hulle in staat te stel om met die trustfonds te handel ten behoewe van die begunstigdes en nie tot die persoonlike voordeel van die trustees nie. Die omvangrykheid van die magte wat in trustees setel, moet altyd so geïnterpreteer word dat die essensie van die trust, naamlik, die bevoordeling van die trustbegunstigdes, nie leed aangedoen word nie.

11.2 Die trustees het te alle tye al sodanige magte as wat nodig is om met die trustgoed te handel as wat hulle, volgens hulle uitsluitlike diskresie nodig ag om die trustfonds ten beste tot voordeel van die begunstigdes te beheer. Die hoofdoel van die trustees in die administrasie van trustbates sal investering wees en nie die aangaan van spekulatiewe transaksies nie. Sonder inperking van die algemene bevoegdhede van die trustees, is die trustees gemagtig om:

11.2.1 'n bankrekening (wat ook 'n rekening by enige erkende finansiële instelling insluit) in die naam van die trust te open, tjeks daarop te trek en gelde daarop te deponeer, wissels en waarborge daarteen te laat uitreik en wissels ten gunste van die trust aan die bank waar die bankrekening geopen is, vir invordering te oorhandig;

11.2.2 goedere van enige aard, roerend en onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, aandele, effekte, skuldbriewe en sekuriteite, te koop, te verkoop, te ruil en te huur, op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal en om regte te sedeer;

11.2.3 gelde wat deel van die trustgoed uitmaak, te belê in sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal;

11.2.4 bestaande beleggings of beleggings wat die trustees gemaak het, in daardie vorm te behou of hulle te wysig;

11.2.5 lenings, met of sonder rente, en op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal, aan begunstigdes en ander persone of instansies van die trustees se keuse, te maak, met of sonder sekuriteit;

11.2.6 lenings vir doeleindes van die trust aan te gaan, met of sonder rente en met of sonder sekuriteit, en op sodanige voorwaardes as waarop met die persoon of instansie wat die lening aan die trustees maak, ooreengekom word;

11.2.7 enige bate van die trust onder verband te bring, dit te verhipotekeer of 'n retensiereg daarop te gee;

11.2.8 enige bate, insluitend vaste eiendom wat deel van die trustgoed vorm, te verkoop, te verhuur, te verbeter, te verander en te onderhou, en, desnoods vaste verbeterings te sloop en nuwe verbeterings op te rig;

11.2.9 huurgeld in te vorder en huurkontrakte te kanselleer en die nodige stappe te doen vir die uitsetting van 'n huurder uit 'n verhuurde eiendom;

11.2.10 dorpstigting en deeltitelontwikkeling te onderneem op eiendom van die trust;

11.2.11 enige dokumente of aktes met betrekking tot vervreemding, verdeling, ruil, oordrag, 'n verband, verhipotekering of andersins in enige Akteskantoor, Mynbriewekantoor of ander openbare kantoor wat handel met serwitute, vruggebruike, beperkte belange of andersins te verly, en om enige aansoeke te doen, toestemming te verleen en in te stem tot enige wysigings, veranderings, rojerings, sessies, ontheffings, verminderings, substitusies of enige iets anders wat in die algemeen betrekking het op enige akte, verband of dokument, en om vir enige doeleindes afskrifte van aktes, verbande of dokumente te verkry, en om in die algemeen enige handeling hoegenaamd in enige sodanige kantoor te doen of laat doen;

11.2.12 regsgedinge in te stel of te verdedig;

11.2.13 vergaderings van skuldeisers van 'n privaat individu, regspersoon of liggaam wat 'n skuldenaar van die trust is, by te woon, ongeag of die vergadering met insolvensie, likwidasie of geregtelike bestuur verband hou; te stem oor enige saak wat aan die vergadering voorgelê word, en, in die algemeen alle regte wat aan 'n skuldeiser in soortgelyke omstandighede toekom, uit te oefen;

11.2.14 die nakoming van die verpligtinge van enige persoon, regspersoon, inter vivos trust of testamentêre trust teen vergoeding of gratis, te waarborg as borg en mede-hoofskuldenaar, en as kollaterale sekuriteit vir die doel, 'n bate van die trust as sekuriteit te verbind, mits sodanige borgstelling tot voordeel van die trust en/of 'n enkele begunstigde en/of al die begunstigdes is;

11.2.15 kwitansies, ontheffings of vrywarings te gee ten aansien van enige bedrag geld of vordering wat ontvang is of waaraan voldoen is;

11.2.16 van die dienste van professionele adviseurs en van ambagsmanne vir die sake van die trust gebruik te maak en vir sodanige dienste uit die trustfonds te betaal;

11.2.17 werknemers aan te stel teen sodanige vergoeding en op sodanige diensvoorwaardes as wat hulle, in hul uitsluitlike diskresie, mag bepaal en om die diensvoorwaardes te wysig en werknemers se dienste te beëindig;

11.2.18 enige koste in verband met die administrasie van die trust, uit die trustfonds te betaal;

11.2.19 skenkings of erflatings ten behoewe van die trust van enige persoon te aanvaar, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes van hierdie trustakte, en, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes waarmee sodanige verdere skenking en/of erflating gepaard mag gaan;

11.2.20 boerdery en enige besigheid in naam van die trust, hetsy vir wins of andersins, alleen of in vennootskap of assosiasie, te bedryf;

11.2.21 maatskappye in enige deel van die wêreld op te rig met sodanige doelstellings as wat die trustees mag bepaal, die stemreg verbonde aan aandele wat in die trustees vestig, uit te oefen, en in die algemeen alles met betrekking tot so 'n maatskappy te doen wat 'n aandeelhouer ingevolge die statutêre bepalings wat op maatskappye van toepassing is, mag doen;

11.2.22 hetsy alleen of tesame met ander persone, die kapitaalwaarde van enige aandele van enige maatskappy wat van tyd tot tyd en vir tyd en wyl deel van die trustfonds uitmaak, te laat herorganiseer, konsolideer, of saamsmelt, en om ingevolge sodanige herorganisasie, konsolidasie of samesmelting enige bates wat voortspruit uit hulle deelname aan sodanige aangeleenthede te ontvang en voort te gaan om dit as deel van die trustfonds te hou;

11.2.23 enige regte van omskepping of inskrywing verbonde aan enige aandele wat te enige tyd deel is van die trustfonds uit te oefen, of in hulle diskresie, om enige sodanige regte te verkoop of te gelde te maak; maar wanneer ookal beleggings gemaak word

deur die uitoefening van regte van omskepping of inskrywing word die aandele of ander regte wat ontvang word geag deel van die trustfonds uit te maak;

11.2.24 Die trustees het die reg om van tyd tot tyd enige stemregte verbonde aan enige aandele wat deel uitmaak van die trustfonds, te gebruik om sodanige verandering wat hulle mag goedvind in die raad van direkteure of in die ander beamptes van enige van die betrokke maatskappye te bewerkstellig en is geregtig om een of meer uit hulle eie geledere as sodanige direkteure of beamptes aan te stel of te laat aanstel of om 'n ander persoon of persone as sodanig te laat aanstel om as die trustees se benoemdes op te tree;

11.2.25 in geval van 'n maatskappy of effektetrust waarvan die statute die oordrag van aandele in naam van die trustees verbied, die aandele in hulle persoonlike name te hou as genomineerdes van en ten behoewe van die trust;

11.2.26 by ontvangs deur of toevalling aan die trust van enige bedrag of bate, insluitend 'n likwidasiedividend, te bepaal of dit deel van die inkomste of kapitaal van die trust sal vorm;

11.2.27 by die uitoefening van enige van die voormelde magte alle dokumente te teken en alle stappe te doen wat nodig mag wees om betekenisvol aan 'n besondere mag uitvoering te gee;

11.2.28 tussentydse uitkerings van die trustfonds insluitend enige kapitaalwins soos omskryf in die Agtste Bylae tot die Inkomstebelastingwet, aan begunstigdes van die trust, op sodanige wyse en tydstip en in sodanige vorm as wat die trustees mag goeddink, te maak;

11.2.29 lewensversekeringspolisse op die lewe van die oprigter, 'n trustee of enige begunstigde onder hierdie trust aan te gaan en/of per sessie ten gunste van die trust te aanvaar en om die premies daarop te betaal en om die polisse in stand te hou of op enige wyse daarmee te handel. Indien die versekerde gedurende die geldigheidsduur van die trust en terwyl die lewensversekering op sy lewe nog bestaan, te sterwe kom, vorm die opbrengs van die betrokke polis deel van die trustgoed;

11.2.30 in die algemeen die magte en bevoegdhede van 'n maatskappy-direksie uit te oefen en, veral, om mutatis mutandis die bevoegdhede in Bylae 2 tot die Maatskappywet Nr. 61 van 1973 aan 'n maatskappy verleen, uit te oefen;

11.2.31 op naam van die trust lidmaatskap en enige kredietfasiliteite by enige landbou- en/of ander koöperatiewe maatskappy of vereniging, of enige ander vereniging, te verkry en te benut en om vir dié doel die trustgoed of enige gedeelte daarvan by wyse van pand, hipoteek of verband as sekuriteit te verbind;

11.2.32 die gebruik van enige trustbate aan begunstigdes beskikbaar te stel op sodanige voorwaardes en vir sodanige termyn as waarop die trustees, in hulle uitsluitlike diskresie, mag besluit;

11.2.33 ondergeskikstellingsooreenkomste namens die trust aan te gaan ten opsigte van geld verskuldig deur derde partye aan die trust;

11.2.34 enige handeling hiervolgens gemagtig in enige land ter wêreld te verrig;

11.2.35 Die bepalings van klousule 11 sal mutatis mutandis van toepassing wees op beslote korporasies ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, No. 69 van 1984 of enige wet wat die Maatskappywet, No. 61 van 1973, of die Wet op Beslote Korporasies, No. 69 van 1984, vervang.

12. LANDBANKVERBANDE

12.1 Trustees het die reg om by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika (hierna genoem die Landbank) aansoek te doen vir 'n lening of lenings teen sekuriteit van die trustgoed, roerende sowel as onroerende eiendom, en op voorwaardes soos deur die Landbank bepaal en wat deur die trustees skriftelik aanvaar word.

12.2 Aangesien dit 'n voorwaarde van enige sodanige leningsaansoek is dat ten minste een van die trustees 'n bona fide boer moet wees wat permanent op die aangebode sekuriteit woonagtig is en dit eiehandig moet bewerk, moet aan dié vereistes voldoen word. Indien 'n trustee sou ophou om aan enige van hierdie vereistes te voldoen, is hy verplig om die Landbank onmiddellik dienooreenkomstig in kennis te stel en gelyktydig die naam en adres van die nuwe persoon te verstrek wat die amp van trustee voorts sal beklee en wat aan dié vereistes sal voldoen, welke bevestiging deur die nuwe trustee in die vorm van 'n beëdigde verklaring vervat moet word en aan die Landbank voorgelê moet word.

12.3 Die trustee waarna in 12.2 verwys word, is verplig om hom afsonderlik of gesamentlik soos die geval mag wees, te verbind as borg en/of hoof-skuldenaar vir die nakoming van die verpligtinge onder die Landbankverband en sodanige trustee sal aldus gebonde bly tot tyd en wyl die Landbank sodanige trustee onthef of tot op sodanige tydstip as wat die verpligtinge kragtens die verband afgeloop het.

12.4 Die trustee wat aan die vereistes soos gestel in 12.2 hierbo, voldoen, is verplig, as die Landbank dit vereis, om sy lewe te verseker ingevolge die Landbankversekeringskema wat tot gevolg het dat die verband by afsterwe van sodanige trustee onmiddellik in sy geheel of ten dele betaal word. Die trustee moet toestem dat die premie op sodanige versekering bygevoeg word tot die verpligte jaarlikse terugbetaling soos deur die Landbank bepaal ten opsigte van die verband. Die voordele voortspruitend dit sodanige versekering vorm deel van die trustgoed en bevoordeel nie die versekerde trustee persoonlik nie.

13. AANWENDING VAN KAPITAAL

Die trust is 'n diskresionêre trust wat die aanwending, vestiging en verdeling van trustkapitaal betref en die trustees kan kapitaal volgens hulle absolute diskresie in enige bevoordeelde wat as 'n kapitaalbegunstigde kwalifiseer, laat vestig, aan oordra en betaal en in besonder is hulle geregtig om in hulle absolute diskresie -

13.1 enige betalings of verdelings wat hulle ingevolge die bepalings van paragraaf 14.1 van die trustdokument gemagtig is om uit inkomste te maak, uit die trustfonds te doen as daar nie voldoende fondse uit die trustinkomste vir dié doel beskikbaar is nie;

13.2 te enige tyd tydens die geldigheidsduur van die trust trustbates te verdeel of aan te wend tot die voordeel van enige een of meer van die kapitaalbegunstigdes in sodanige verhouding, en op sodanige wyse en onderhewig aan sodanige terme en voorwaardes as wat die trustees van tyd tot tyd mag bepaal en ook sonder om noodwendig die beginsel van gelykheid tussen begunstigdes te handhaaf. Dit sluit spesifiek in die diskresie om kapitale winste, waarvan die belastinghantering deur die Agtste Bylae van die Inkomstebelastingwet voorgeskryf word, toe te ken aan die kapitaalwinsbegunstigdes soos omskryf in paragraaf 1.2(c) van die trustakte. Die trustees mag in hulle absolute diskresie besluit om 'n begunstigde se leningsrekening met enige gedeelte van die bedrag verdeel, te krediteer, welke leningsrekening onderhewig is aan die bepalings en voorwaardes soos in paragraaf 16 uiteengesit;

13.3 wanneer enige gedeelte van die trustgoed aan 'n begunstigde uitbetaal of oorgedra word, dit in kontant of in goedere, of gedeeltelik in kontant en gedeeltelik in goedere te doen. Die trustees se waardasie van enige bates wat hule ingevolge hiervan in goedere uitkeer, is finaal en bindend op alle begunstigdes;

13.4 wanneer 'n gedeelte van die trustgoed ingevolge sub-paragraaf 13.2 aan 'n begunstigde of groep begunstigdes uitbetaal of oorgedra word, te bepaal dat sodanige begunstigde of groep begunstigdes dan geen verdere verwagting op bevoordeling uit die trust sal hê nie desnieteenstaande enige ander bepalings in hierdie trustdokument.

Ondanks enige bepaling tot die teendeel in hierdie akte vervat, word die trustfonds of 'n deel daarvan, by beëindiging van die trust soos in paragraaf 19 vervat, nie aan 'n kapitaalbegunstigde wat 'n natuurlike persoon is, oorgedra of oorhandig vóórdat hy die ouderdom van 25 (VYF-EN-TWINTIG) jaar bereik het nie. Hierdie bepaling verhoed die trustees geensins om enige gedeelte van die trustfonds in 'n begunstigde te vestig soos beoog in paragraaf 15 hierna nie. Hierdie bepaling verhoed ook nie enige oordrag of oorhandiging van 'n deel van die trustfonds aan 'n kapitaalbegunstigde jonger as 25 (VYF-EN-TWINTIG) jaar nie, solank sodanige oordrag of oorhandiging nie met die beëindiging van die trust soos in paragraaf 19 vervat gepaardgaan nie.

14. <u>AANWENDING VAN INKOMSTE</u>

Die trust is 'n diskresionêre trust wat die aanwending, vestiging en verdeling van trustinkomste betref en die trustees kan inkomste volgens hulle absolute diskresie aan enige bevoordeelde wat as 'n inkomstebegunstigde kwalifiseer, laat vestig, aan oordra of betaal, en in besonder is hulle geregtig om:

14.1 alle koste wat die trustees in verband met die administrasie van die trust aangegaan het, te betaal;

14.2 aan enige begunstigde sodanige bedrae te betaal of toe te ken, of namens enige begunstigde sodanige bedrae aan te wend as wat die trustees redelik en wenslik mag ag vir die onderhoud, opvoeding, geleerdheid en algemene welsyn van sodanige begunstigde sonder om noodwendig 'n beginsel van gelyke behandeling vir alle begunstigdes dienaangaande, toe te pas;

14.3 inkomste te vestig in of te verdeel tussen enige van of al die begunstigdes in sodanige verhouding en op sodanige terme as wat die trustees in hulle uitsluitlike en absolute diskresie mag bepaal. Die trustees sal geensins verplig wees om begunstigdes gelykop of naastenby gelykop te bevoordeel nie en die uitoefening van die trustees se diskresie in dié verband sal finaal en bindend wees. Die trustees mag in hulle uitsluitlike diskresie besluit om 'n begunstigde se leningsrekening met enige gedeelte van die bedrag verdeel, te krediteer, welke leningsrekening onderhewig is aan die terme en voorwaardes soos in paragraaf 16 uiteengesit;

14.4 inkomste volgens bron, klassifikasie of identiteit te verdeel en te bepaal welke begunstigde welke soort inkomste moet ontvang;

14.5 te besluit aan wie enige gelde of bates oorbetaal of oorhandig moet word ten gunste van enige minderjarige persoon en 'n kwitansie geteken deur so 'n gekose persoon word geag wettig te wees en dien as behoorlike bewys van die betaling of oormaking aan so 'n begunstigde;

14.6 terugbetalings aan hulleself uit die trustfonds te maak ten opsigte van uitgawes wat hulle persoonlik mag aangegaan het in die uitvoering van hulle pligte as trustees;

14.7 inkomste in die trust op te hoop ten einde die trustgoed aan te vul.

15. <u>VESTIGING</u>

15.1 Die trustees mag in hulle uitsluitlike diskresie bepaal wanneer trust bates, kapitaal of inkomste, in 'n begunstigde sal vestig. Hierdie diskresie mag ten opsigte van sommige of al die trustbates of ten opsigte van sommige of al die begunstigdes uitgeoefen word. Die trustees mag besit en beheer oor enige bate of fondse behou en ingevolge die bepalings van die trustakte namens 'n begunstigde bestuur indien dit tot voordeel van 'n begunstigde is, nieteenstaande enige besluit wat die effek het dat enige van die voormelde in 'n begunstigde vestig. Oordrag van enige bates of betaling van enige kapitaal of inkomste aan begunstigdes sal onderhewig wees aan die absolute diskresie van die trustees en word uitgestel tot die datum waarop die trustees hulle diskresie dienooreenkomstig uitoefen of die datum van afsterwe van die begunstigde, welke datum ookal eerste plaasvind.

15.2 Die bepalings van die trustakte sal, mutatis mutandis, op die gevestigde regte van die begunstigde van toepassing wees.

15.3 Nieteenstaande die bepalings van 15.1 en 15.2, en sonder om afbreuk te doen aan die magte aan hulle toegeken, mag die trustees in hulle absolute diskresie, slegs 'n bedrag in 'n begunstigde vestig sonder die reg op die inkomste van sodanige gevestigde bedrag en, om sodanige inkomste namens die begunstigde(s) in die trust terug te hou en toe te voeg tot die trustfonds.

16. UITBETALING, OORDRAG EN BELEGGING VAN VOORDELE

16.1 In die verdeling van inkomste en of kapitaal aan 'n begunstigde in terme van paragrawe 13 en 14, mag die trustees, instede daarvan dat 'n werklike betaling aan of namens die begunstigde gemaak word, die bedrag krediteer na sodanige begunstigde se leningsrekening in die boeke van die trust. Sodanige lening val die begunstigde toe op die datum van die verdelingsbesluit. Enige krediet op die begunstigde se leningsrekening bly onder die beheer van die trustees en is:

16.1.1 Onderhewig aan die bepalings van paragraaf 24; en

16.1.2 Betaalbaar aan sodanige begunstigde of trust gestig ingevolge paragraaf 17.

16.2 Waar trustinkomste en/of trustkapitaal na'n begunstigde se leningsrekening gekrediteer is of enige gedeelte daarvan, nog nie aan of namens hom uitbetaal of aangewend is nie, is die betaling van rente daarop, indien enige, en die koers waarteen en die periode waarvoor dit betaal word, uitsluitlik in die diskresie van die trustees en het die begunstigde geen seggenskap daaroor nie.

17. SKEPPING VAN VERDERE TRUSTS

17.1 Die trustees is geregtig om inkomste en/of kapitaal van die trust te verdeel of te vestig in 'n verdere trust geskep of bewerkstellig deur die trustees tot voordeel van 'n begunstigde, op sodanige terme en voorwaardes, mutatis mutandis dieselfde as uiteengesit in hierdie trustdokument, en met sodanige wysigings as wat hulle vir elke geval goeddink. Sonder om op enige wyse afbreuk aan die algemeenheid van die voorgaande te doen, is die trustees geregtig om:

17.1.1 in sodanige trustdokumente voorsiening te maak vir 'n vestigingsdatum vroeër of later as die vestigingsdatum in hierdie trustdokument vervat;

17.1.2 afsonderlike trustees vir sodanige trusts aan te stel.

Die trustees sal onthef word van enige verdere verantwoordelikheid ten opsigte van enige deel van die trustfonds wat aan die trustees van sodanige trusts oorgedra is.

18. PLIGTE VAN TRUSTEES

Afgesien van die gemeenregtlike pligte wat aan die amp van 'n trustee kleef, is trustees onderhewig aan al die pligte van 'n trustee soos in die Wet op die Beheer oor Trustgoed Nr. 57 van 1988 uiteengesit, naamlik om:

18.1 die oorspronklike trustakte of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan by die Meester van die Hoë Hof in te dien;

18.2 slegs as trustee op te tree na ontvangs van die nodige magtigingsbrief van die Meester van die Hoë Hof;

18.3 onmiddellik 'n trustrekening by 'n bank of bouvereniging op naam van die trust te open en alle gelde wat die trust verkry in sodanige rekening te stort;

18.4 alle bates van die trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die trust in besit te neem en in bewaring te hou;

18.5 behoorlik boek te hou of te laat hou van die sake van die trust;

18.6 alle trustgoed deurlopend afsonderlik te hou of te registreer sodat dit altyd as trustgoed geïdentifiseer kan word;

18.7 deurlopend met sorgsaamheid en ywer op te tree soos wat redelikerwys van iemand wat die sake van 'n ander hanteer, verwag kan word.

19. BEËINDIGING VAN TRUST EN VERDELING VAN TRUSTFONDS

19.1 Onderhewig aan die woordomskrywing van VESTIGINGSDATUM, geld die volgende bepalings by beëindiging van die trust:

19.1.1 Behalwe vir tussentydse kapitaaluitkerings wat die trustees na eie goeddunke mag maak, duur die trust voort tot by die VESTIGINGSDATUM en, onderhewig aan paragraaf 19.1.2 van die trustakte, word die trustfonds tussen die kapitaalbegunstigdes van die trust verdeel in sodanige verhouding as wat die trustees in hulle uitsluitlike diskresie mag besluit.

19.1.2 Indien 'n begunstigde wat 'n natuurlike persoon is en aan wie enige gedeelte van die trustfonds by die beëindigingsdatum van die trust oorgemaak moet word, nog nie die ouderdom van **25 (VYF-EN-TWINTIG) jaar** bereik het nie, duur die trust ten aansien van sodanige begunstigde voort totdat hy die ouderdom van **25 (VYF-EN-TWINTIG) jaar** bereik voordat 'n uitkering aan hom gemaak word.

19.1.3 As daar op die beëindigingsdatum geen begunstigdes soos omskryf in **1.2(b)(i) tot (iv)** in lewe is of bestaan nie, kom die trustfonds toe aan die Oprigter **PETRUS MELCHIOR FRICK (ID 701209 5073 08 4)** se intestate erfgename soos omskryf in **1.2(b)(vi)**, in sodanige verhouding as waarop die trustees in hulle uitsluitlike diskresie mag besluit, onderhewig egter aan paragraaf 19.1.2 van die trustakte. Die trustees se diskresie in dié verband is finaal en bindend op die begunstigdes.

20. PROFESSIONELE DIENSTE

20.1 Die trustees is verplig om behoorlik boek te hou van die sake van die trust, welke boeke jaarliks tot en met die einde van die finansiële jaar van die trust, in die diskresie van die trustees geoudit mag word en daar moet finansiële state opgestel word. Elke meerderjarige kapitaalbegunstigde van die trust is op aanvraag geregtig op 'n afskrif van die jaarlikse finansiële state van die trust.

20.2 Die trustees is geregtig om van die dienste van professionele persone gebruik te maak insoverre sodanige dienste noodsaaklik of wenslik geag word vir doeleiendes van die trust.

21. PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN TRUSTEES

'n Trustee is slegs persoonlik aanspreeklik vir verliese wat die trust ly as sodanige verliese die gevolg is van die trustee se versuim om met die sorgsaamheid, ywer en kundigheid op te tree wat van iemand verwag kan word wat die sake van 'n ander hanteer. 'n Trustee is nie aanspreeklik vir die troubreuk van 'n mede-trustee nie tensy daar samespanning tussen die trustees was.

22. WYSIGING VAN TRUSTAKTE

22.1 Gedurende die leeftyd van die oprigter, kan die trustakte deur ooreenkoms tussen die oprigter en die trustees gewysig word.

22.2 Na afsterwe van die oprigter, kan die trustakte gewysig word deur ooreenkoms tussen die trustees; met dien verstande dat die toestemming van die meerderjarige kapitaalbegunstigdes ook verkry moet word ten einde die omskrywing van "BEGUNSTIGDE of BEGUNSTIGDES" in

paragraaf 1.2 te wysig.

23. VERGOEDING AAN TRUSTEES

23.1 Die trustees is geregtig op vergoeding vir hulle dienste volgens 'n tarief wat hulle billik ag mits sodanige vergoeding nie die neergelegde tariewe van professionele trustees vir soortgelyke dienste oorskry nie.

23.2 'n Trustee wat 'n prokureur, rekenmeester of ander professionele persoon is, is geregtig op sodanige vergoeding vir professionele dienste gelewer ewe asof hy nie 'n trustee van die trust is nie.

24. BEPALINGS TEN AANSIEN VAN BEGUNSTIGDES

24.1 Die begunstigdes is die persone soos omskryf in paragraaf 1.2.

24.2 Nieteenstaande enigiets anders tot die teendeel in hierdie akte bepaal, sal geen trustee te enige tyd as 'n inkomste- of kapitaalbegunstigde van hierdie trust kwalifiseer of as sodanig enige voordele ontvang indien hy/sy voldoen aan die bepalings van artikel 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet Nr. 45 van 1955, of enige latere wysiging daarvan.

24.3 Tot tyd en wyl 'n begunstigde 'n vorderingsreg ten aansien van 'n voordeel of toekenning kragtens die trustakte verwerf het, het so 'n begunstigde nie 'n aanspraak op die inkomste of kapitaal van die trust nie of 'n eis vir die lewering of oormaking van enige trustgoed aan hom nie.

24.4 Aangesien hierdie 'n diskresionêre trust is en die trustkapitaal in die trustees in hulle amptelike hoedanigheid vestig, het die begunstigdes geen vorderingsreg ten opsigte van die kapitaal of inkomste van die trust en het hulle geen reg om tydens die geldigheidsduur van die trust enigsins met die kapitaal of inkomste van die trust te handel nie.

24.5 Die kapitaal en inkomste van die trust is nie vir beslaglegging vir die skulde van 'n begunstigde vatbaar nie.

24.6 Indien 'n begunstigde voordat hy enige gevestigde regte daartoe het, voorgee dat hy 'n vorderingsreg ten opsigte van die kapitaal of inkomste van die trust het, of as sy boedel gesekwestreer word of indien hy 'n kompromis met sy skuld-eisers aangaan, is die trustees geregtig om die trust ten behoewe van sodanige begunstigde te laat voortduur tot op sodanige tydstip as wat hulle na eie goeddunke mag bepaal.

24.7 Die trustees is by magte om te weier om erkenning te verleen aan enige sessie, assignasie en verpanding van 'n begunstigde se regte kragtens die trustakte en om dit as nietig te beskou. Die trustees kan weier om betalings of oormakings te doen anders as direk aan of ten behoewe van 'n begunstigde wat as 'n begunstigde van die trust kwalifiseer. Nieteenstaande enige moontlike teenstrydige bepalings van die trustakte, word 'n sessie van die regte of verwagtinge van 'n begunstigde ingevolge die trustakte aan 'n sessionaris wat nie 'n natuurlike persoon is, verbied.

25. HUWELIK EN MINDERJARIGES

25.1 Alle voordele wat 'n begunstigde kragtens hierdie trustakte mag ontvang is vir alle doeleindes uitgesluit van enige gemeenskap van goedere of gemeenskap van wins en verlies. Die aanwasbedeling ingevolge die Wet op Huweliksgoedere Nr. 88 van 1984 is nie op enige bevoordeling hierkragtens van toepassing nie.

25.2 Enige gelde of bates wat oorgemaak word aan of tot die voordeel van enige begunstigde, terwyl sodanige begunstigde 'n minderjarige is, sal nie in die Voogdyfonds of enige ander statutêre fonds gestort word nie. In so 'n geval sal die trustees geregtig wees om:

25.2.1 die gelde of bates te oorhandig aan sodanige minderjarige se ouer of voog, of ander

persoon soos deur die trustees besluit. ‘n Kwitansie geteken deur sodanige persoon sal dien as behoorlike bewys van betaling of oormaking aan so ‘n begunstigde; of

25.2.2 voort te gaan om daardie bates in hierdie trust te administreer vir en ten behoewe van sodanige begunstigde.

26. BELASTING

Indien enige persoon (insluitende die oprigter) aangeslaan word vir belasting ten opsigte van enige inkomste ontvang deur of toegeval aan die trustees, moet die trustees die aangeslane belasting uit die inkomste van die trust betaal en indien sodanige persoon reeds die belasting aldus gehef, betaal het, het die persoon 'n eis vir terugbetaling daarvan teen die trustees.

27. VERGADERINGS VAN TRUSTEES EN BESLUITE

27.1 Die trustees moet van tyd tot tyd vergader om die sake van die trust te bespreek en besluite daaroor te neem. In dié verband geld die volgende reëlings:

(a) Op die eerste vergadering van trustees kies hulle uit eie geledere 'n voorsitter, welke voorsitter vir sodanige tydperk as wat die trustees bepaal, in dié hoedanigheid sal optree.

(b) Die trustees moet ‘n vergadering van trustees belê wanneer nodig vir die behoorlike administrasie van die trust.

(c) Die besluite wat op vergaderings geneem word, moet behoorlik genotuleer word en oor die algemeen moet dieselfde prosedure gevolg word soos in Artikel 204 van die Maatskappywet Nr. 61 van 1973, of latere wysigings daarvan, voorgeskryf.

(d) Elke trustee het die reg om 'n vergadering van trustees byeen te roep.

(e) Beleidsrigtings en prosedures wat op vergaderings gevolg moet word, word deur trustees self bepaal.

27.2 'n Besluit wat op skrif gestel en deur al die trustees onderteken is, selfs al is sodanige besluit elektronies onderteken, het dieselfde regskrag as 'n besluit wat op 'n vergadering van trustees geneem is.

27.3 Die trustees is verplig om minstens een keer per jaar te besluit oor die aanwending en/of toekenning van inkomste en enige kapitale ontvangstes wat oor die voorafgaande jaar verdien is.

27.4 Die trustees kan een of meer van hulle magtig om alle dokumente vir amptelike doeleindes wat vir die administrasie van die trust en ter uitvoering van enige transaksie wat met die trust se sake verband hou, namens die trustees te teken. Enige besluit wat deur 'n trustee gesertifiseer is as 'n ware uittreksel uit die notule van 'n besondere besluit van al die trustees, het in alle opsigte die regskrag as 'n besluit wat deur al die trustees geteken is.

28. REPUDIËRING

Enige begunstigde is geregtig om enige voordele wat hierkragtens vir hom beding is, voor of op die vestigingsdatum te repudieer, in welke geval sodanige begunstigde se voordeel toekom aan een of meer van die ander trustbegunstigdes wat aangewys word deur die begunstigde wat sy voordeel sodanig repudieer; en by gebrek aan so ‘n aanwysing, dan aan die betrokke begunstigde se afstammelinge. Voorts is die trustees gemagtig om ‘n verdere trust of trusts vir die gesubstitueerde begunstigde(s) in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van paragraaf 17 te skep.

29. AANVAARDING VAN SKENKING

Deur die toevoeging van hulle handtekeninge tot die trustakte, aanvaar die trustees die skenking in trust in hul hoedanigheid as sulks en onderneem hulle om gevolg en uitvoering te gee aan die voorwaardes en bepalings vervat in die trustakte.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE Swellendam in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie 4de dag van April 2017.

AS GETUIES:

1. ______________________ ______________________

OPRIGTER (PM Frick)

2. ______________________

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE Swellendam in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie 4de dag van April 2017.

AS GETUIES:

1. ______________________ ______________________

TRUSTEE (PM Frick)

2. ______________________

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE Swellendam in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie 4de dag van April 2017.

AS GETUIES:

1. ______________________ ______________________

TRUSTEE (SR Frick)

2. ______________________

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE Swellendam in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie 4de dag van April 20 17 .

AS GETUIES:

1. ______________________

2. ______________________

______________________

TRUSTEE (HS Botes)
as verteenwoordiger van
Boshoff Visser Trustdienste (Edms) Bpk.
(Reg nr. 2001/015936/07)